Hortgro Voorsitterstoekenning: Leon von Mollendorff

Oorhandig deur: Nicholas Dicey

Leon von Mollendorff gebore en getoë in Oudtshoorn studeer B.Sc. Biochemie aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1991 voltooi hy sy doktorsgraad. Sy navorsing: Naoes-faktore betrokke by die ontwikkeling van voosheid (woolliness) in nektariens, word as baanbrekerswerk beskou en hy verdien hiermee spesiale erkenning van Universiteit van Kalifornië in die VSA.

Leon werk vir etlike jare by die Landbounavorsingsraad (LNR) in verskeie leierskapsposisies. In 2006, word hy aangestel as die eerste algemene bestuurder van Culdevco, waar hy tot en met sy aftrede in 2022 dien.

In die bedryf word Leon geken as 'n uitstekende navorser, gedugte onderhandelaar, bemarker en iemand wat weet hoe om netwerke te bou. Sy werk as kultivar-ontwikkelaar word wêreldwyd hooggeag.

In sy vrye tyd is Leon 'n wynmaker van formaat en 'n selferkende wynsnob! Hy het ook die geluk gehad om met Gerda te trou en is vandag die trotse oupa van drie kleinkinders.

Leon, dit was vir Horgro 'n voorreg om saam met jou te kon werk en jou as vriend te hê. Ons gun jou tyd saam met jou familie en hoop dat jy nog vêr paaie gaan ry met jou *Bushlapa*. Sterkte vorentoe. Die bedryf gaan jou mis.